Verwysing: 20191202-2304
Lêerno.: 12/2/P
Navrae: L Coleridge-Zils

Omsendbrief: 0022/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale van openbare skole en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief stel die* Beleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die Keuring van Persone wat in Aanraking kom met Leerders of Amptenare by 'n Openbare Skool op hulle Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit*, 2020 bekend.*

Onderwerp: ***Beleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die Keuring van Persone wat in Aanraking kom met Leerders of Amptenare by 'n Openbare Skool op hulle Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit*, 2020**

1. Die Provinsiale Minister wat verantwoordelik vir onderwys in die Wes-Kaapprovinsie is, het die *Beleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die Keuring van Persone wat in Aanraking kom met Leerders of Amptenare by 'n Openbare Skool op hulle Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit*, 2020, goedgekeur.

2. Die doel van hierdie beleid is om—
   (a) leerders by openbare skole te beskerm sodat hulle nie slagoffers word van seksuele oortreders of persone wat ongunstig verklaar is om met kinders te werk onder die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007), of enige ander toepaslike wet of beleid nie.
   (b) ongemagtigde persone te verhinder om toegang tot openbare skole te verkry.
   (c) voorkomende maatreëls in te stel wat ongunstige persone toegang tot leerders en amptenare by 'n openbare skool of by 'n skoolaktiwiteit weier.

3. Hierdie beleid is van toepassing op alle persone wat deur organisasies in diens geneem is, wat leerders en/of amptenare by openbare skole besoek of toegang tot

hulle het vir die doel van opvoedkundige programme, projekte of buitemuurse akltiwiteite.

4. 'n Afskrif van die *Beleid van die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die Keuring van Persone wat in Aanraking kom met Leerders of Amptenare by 'n Openbare Skool op hulle Skoolpersele of by 'n Skoolaktiwiteit*, 2020 word hierby aangeheg.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-03-25